Genade is Genoeg

Ds Freddie Burger

Hierdie oordenkings is verwerkings van ’n reeks radio oordenkings wat ek vir Suid Kaap Stereo gedoen het. Ons bede is dat dit vir u tot seën sal wees.

Inhoud

1. Genade is vrye toegang tot God.
2. Genade is net vir sondaars.
3. Genade is om deur God gesien te word.
4. Genade is om geroep te word.
5. Genade is verniet.
6. Genade is rykdom in armoede.
7. Genade is blywende troos.
8. Genade is vrede.
9. Genade is oorvloedig in alle omstandighede.
10. Genade is om te kan glo.
11. Genade is om krag te ontvang wanneer jy swak is.
12. Genade is om deur die Woord opgebou te word.
13. Genade is goeie hoop.
14. Genade is om te kan hoop op die wederkoms van Jesus.

1
Genade is vrye toegang tot God

Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan,
sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind
om op die regte tyd gehelp te word.
Hebreërs 4: 16

Soms kan dit 'n groot frustrasie wees om dorp toe te gaan. Eers is daar die gesukkel deur die verkeer en dan die gesoek na parkeerplek. Elke keer as jy op 'n leë plek afstorm, vind jy uit dat jy nie daar mag parkeer nie. Borde wat parkering verbied dryf jou al verder en verder weg van jou bestemming. En al daardie padtekens! Hier mag jy nie stop nie, daar mag jy weer nie regs draai nie en so sukkel - sukkel jy al om die blok.

En dan, wanneer 'n mens uiteindelik 'n parkeerplekkie vind en jou bestemming binnedraf om jou sake af te handel, tref 'n ander skok jou : 'n lang tou wagtende mense. Dan begin die lang wag. Skuifel-skuifel gaan jy vorentoe. Asof dit nie genoeg is nie, kan dit ook gebeur dat wanneer jy voor in die ry kom, die toonbank sluit en jy word na 'n ander toonbank verwys waar die gewag van vooraf begin.

'n Groot deel van 'n mens se lewe word aan soek en wag afgestaan. Dit is onvermydelik. Sonder toegangsbeheer sal die lewe in wanorde verval. Dink net aan die verkeerschaos en gestoei en bakleiery wat sal plaasvind indien daar geen beheer is nie. Die verbodtekens, die waglyste en die waggery is nodig om te verseker dat elkeen 'n kans kry om sy sake af te handel, maar lekker is dit darem ook nie.

Maar nou wil ek u vra : Wat van die belangrikste afspraak in u lewe - staan u ook in 'n ry en wag? Sukkel u nog om toegang te verkry? Ek verwys hier na u afspraak met die Here. Hoe ver agter in die ry is u? Of is daar verbodtekens wat u toegang weier? As dit so is, dan moet u seker maak of u in die regte ry staan. Daar is net een verbodteken wat toegang tot God weier en daarop staan geskrywe : sonde. Sonde sluit ons toegang tot God af, verhinder ons om ons afspraak met God na te kom. Om die waarheid te sê, sonde dryf ons al verder en verder weg van God tot daar ver in die parkeerplek van die verlorenes.

Daar is nog 'n ander waarheid waarop u moet let. Dit is nie nodig om in 'n ry te staan om God te ontmoet nie. By Hom is daar geen waglyste nie - nee, toegang tot God is onmiddellik. Al wat moet gebeur, is dat daardie verbodbordjie "sonde" verwyder moet word - en dit het Jesus Christus aan die kruis gedoen. Daar het Hy die sonde wat jou toegang tot God geweier het, weggeneem en nou het jy vrye toegang tot God.

Ja, genade is vrye toegang tot God. Jesus het self die verbodteken weggehaal. Deur Hom verkry ons vrye toegang en het ons vrymoedigheid om na God te gaan. Daar is geen moeilike verkeersknope nie, geen frustrerende gewag in rye wat stadig voortbeweeg nie. Ons kan met groot vrymoedigheid tot God nader.

Ja, genade is vrye toegang tot God.

Gebed: O Heer, baie dankie dat U altyd teenwoordig is in my lewe. Amen

2

Genade is net vir sondaars

> En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê : O God, wees my, sondaar, genadig.
> Lukas 18: 13

As jy 'n besonder kosbare en waardevolle erfstuk besit, sal jy dit somaar aan enigeen weggee? Nee, jy sal na iemand soek van wie jy seker is dat hy of sy dit sal kan waardeer en bewaar. Jy sal na iemand soek wat volgens jou oordeel waardig is om so 'n besondere item te besit en dit aan so 'n persoon nalaat. Nou kan ons ook vra : wie kan homself waardig ag, goed genoeg ag, om die wondergawes van genade te mag ontvang? Hoe sal God kan bepaal watter mense versigtiger, met groter waardering, met groter toewyding, met sy genadegawes sal handel?

Ons as mense kan so maklik ander veroordeel. Ons kan so maklik sê dat ons aan sekere mense niks sal gee nie, omdat hulle tog niks waardeer nie. Baie keer is hierdie soort oordeel van ons niks anders as om op 'n selfsugtige wyse aan ons goed vas te klou. Soms is ons jaloers op ander mense en ons verwyt die Here omdat hulle meer het as wat ons het. Ons sê dat ons versigtiger en beter daarmee sou werk. Ons sou nie so baie mors nie.

Ja, dit is ongelukkig waar dat daar baie mense is wat nie omgee hoe hulle met ander mense se besittings werk nie. Daar is baie mense wat bedrieg en steel. Daar is mense wat onbetroubaar is, wat mors met die oorvloed wat hulle het, soms ten koste van mense wat niks het nie.

Vra ons nou : Wie is waardig om hierdie groot geskenk van genade te ontvang? - Wat sal ons daarop antwoord? Sal ons 'n lys maak van elkeen se goeie en slegte eienskappe en daarvolgens punte gee? Aan die arme skelm tollenaar van wie ons gelees het, sou ons maar min punte gee. Hy verkul immers sy eie mense. Hy verdien nie genade nie.
God gebruik egter ander maatstawwe as mense. Wanneer Hy genade uitdeel, kyk Hy nie hoe verdienstelik ons is nie. Hy vra nie of ons waardig genoeg is nie. Kyk na Jesus se optrede hier op aarde. Kyk hoeveel mense het met 'n uitgestrekte hand by Hom om genade gesmeek. Daar was 'n lang ry siekes, blindes, straatvrouens, bedrieërs en ander sukkelaars - mense wat deur die gemeenskap as onwaardig beskou is.

Kyk in wie se hand plaas God die muntstuk van genade: die Samaritaanse vrou (daardie vrou met die slegte gewoontes), die vuil bedelaar op die Jerigo-pad, in die hand van die skelm tollenaar Saggeus. Hy deel dit uit aan die honger skares, ja ook in die hand van skrifgeleerdes soos Nikodemus en Paulus. Volgens menslike maatstawwe plaas Hy dit in die hande van 'n klomp onwaardige sondaars.

Ja, genade is vir sondaars, alle sondaars. Dit is juis die wonder van die Heer se genade, Hy bied dit aan die vervalle, verlore sondaars aan, mense wat dit nooit kan verdien nie, mense wat deur niemand waardig geag sal word om so ’n kosbare geskenk te ontvang nie.

Daar val dadelik 'n groot las van 'n mens se skouers af, want in ons onwaardigheid is ons elkeen tog God se genade waardig. Ons is God se genade waardig omdat Jesus Christus aan die kruis die volle prys betaal het. Ons elkeen moet dit net uit Jesus se hand ontvang - gelowig ontvang.

Genade is vir sondaars - ook vir my.

Gebed: O Here, wees my, sondaar, genadig. Amen.

3
Genade is om deur God gesien te word

Maar Noag het genade gevind in die oë van die Here.
Genesis 6:8

'n Mens voel baie keer asof jy alleen staan in 'n wêreld vol probleme, asof jy maar alleen moet planne maak om toe te sien dat alles vlot verloop. Kortom, dit voel baie keer asof niemand jou met jou probleme raaksien nie - wat nog van verstaan? Dit laat my dink aan 'n briefie wat 'n dertienjarige dogtertjie aan my geskryf het. Sy wou probeer verduidelik waarom sy so dikwels probleme veroorsaak en toe sê sy dit : "Ek voel ek beteken nie, ek is nie". Niemand sien my raak, niemand verstaan my nie.

Is dit nie ook maar 'n raak beskrywing van hoe ons dikwels voel nie? Ek, klein mensie hier op Gods grote aarde, wie sal my tog raaksien? As iemand vanuit 'n vliegtuig op die aarde neerkyk, dan sien hy nie eens my stippeltjie raak nie, ek verdwyn sommer so in die groot massa detail op die aarde. Baie van ons voel dat ons tussen die massas verdwyn, so asof jy met al jou probleme, pyn, eensaamheid en selfs blydskap, nie werklik saak maak nie. Niemand sien jou ou stippeltjie op die aarde raak nie.

Ons lees in Genesis 6:5 dat God na die aarde gekyk het en gesien het hoe boos en goddeloos die mense leef. In die grote wêreld sien God die boosheid raak, maar Hy sien ook 'n ander ou stippeltjie so in die massas raak. God sien tussen al die mense vir Noag raak! Ag ja, God kon ook gesê het dat Noag miskien nie so boos was soos die ander nie, maar wat maak dit saak, hy sondig ook maar, hy kan nie 'n verskil maak nie. Maar nou lees ons dat toe God na Noag gekyk het, was daar genade in sy oë en daarom red God hom. Inderdaad dit is genade om deur God raakgesien te word.

Dink tog ook aan Josef, eers daar in die vlaktes in die put, later as 'n gevangene in 'n Egiptiese tronk. Sal iemand hom daar raaksien? Sal iemand wat belangrik is hom daar raaksien? Ja, God sien hom raak. Dit is genade om deur God gesien te word. God verhef ook vir Josef. Hy haal hom uit die put en ook uit die tronk en gebruik hom in sy raadsplan.

In Mattheus 14:14 lees ons dat toe Jesus die groot skare gesien het, Hy hulle innig jammer gekry het. Maar Jesus sien nie net massas nie, Hy sien die enkeling se nood. Kyk maar na die verlamde man daar by die bad van Betesda. Hierdie man het al agt en dertig jaar daar gelê. Niemand het hom daar tussen al die ander mense opgemerk nie. Dit is juis sy klagte - hy het niemand wat hom wil help nie. Hy het verdwyn in die skare van siekes, maar Jesus sien hom, Jesus help hom.

Dit is waar. God sien ons, Hy sien ons in genade aan. Wanneer Hy na jou kyk, is sy oë vol genade. Wanneer God na die groot skares kyk, sien Hy elke mens in die skare raak, elke sieke, elke bekommerde. Hy sien elkeen se nood, elkeen se besondere behoeftes, meer nog, Hy gee ook die uitkoms, naamlik Jesus Christus.

Nee, jy is nie maar net 'n klein onbelangrike stippeltjie in Gods grote heelal nie. Jy is 'n belangrike, betekenisvolle stippeltjie. So belangrik is jy, dat Jesus ook jou sonde aan die kruis gedra het.

Genade is waarlik om deur God gesien te word.

Gebed: Dankie, Here, dat U my ook raakgesien het en gered het. Amen.

4
Genade is om geroep te word

Maar toe dit God behaag het, wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur sy genade geroep het...
Galasiërs. 1: 15

Dit is nie lekker as mense jou ignoreer nie. Dit is glad nie lekker om in 'n geselskap te sit en nie deel te hê aan die geselsery nie. As niemand met jou praat nie en niemand noem eens jou naam nie, laat dit jou eensaam en verstote voel. Ons is maar almal bang dat ons vergeet sal word, dat ons lewens sal verval in 'n bange eensaamheid waar niemand ons ken nie, niemand met ons praat nie. Tog gebeur dit baie dat mense vergeet word, dat mense in hulle alleenheid met hulle eie gedagtes sit en worstel. Of dit nou 'n bejaarde in 'n ouetehuis is, of 'n kind in 'n kinderhuis, of selfs iemand tussen baie mense wat alleen 'n groot las moet dra, die pyn en eensaamheid bly ewe groot.

Dink net hoe lekker dit is om, wanneer jy alleen in die vreemde is, skielik te hoor dat iemand jou naam hardop roep. Kyk net na die vreugdevolle opflikkering in die oë van 'n bejaarde wanneer jy sy eensame kamer binnestap, of na die opgewonde uitstrek van kinderarmpies wanneer sy pa of ma hom roep - dan sal jy ook besef dat dit genade is om geroep te word. Dan sal jy besef dat dit genade is dat mense nog jou naam ken, nog met jou wil praat. Ja, wanneer iemand ons naam nog roep, dan weet ons dat daar nog iets, nog iemand is om voor te leef.

As dit genade is dat mense nog ons name ken en ons roep, hoeveel groter is die genade dan nie as God ons ken en roep nie! Besef u dat dit nooit nodig was vir God om ons te roep nie? Dit was nooit nodig dat God ons name leer ken nie, God kon ons maar in die eensaamheid van naamloosheid gelos het, toe ons almal nog net een naam gehad het, naamlik: sondaar, verlore sondaar.

Dit is genade en net genade dat God besluit het om ons uit ons sondige lewe te geroep het en met ons gepraat het. Die wonder van God se roepe is dat Hy nie maar net so in die algemeen roep nie. God se roepe is nie soos 'n advertensieflits aan 'n onbekende klomp luisteraars nie. God se roep is baie spesifiek. Dit is aan spesifieke mense gerig.

In Jesaja 43: 1 sê God: Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne! Wonder bo wonder, tussen al die miljoene mense op aarde roep God jou naam uit. In die reuse malende skares noem Hy jou op jou naam, weet Hy van jou. God ken jou vrese en eensaamheid. God ken jou alleenworsteling met so baie vrae en verlange. Hy weet van jou stille gebede in nagtelike ure - en dan roep Hy jou by die naam! Hy noem jou op jou noemnaam! Ja werklik, dit is genade.

Die feit dat God ons elkeen by die naam roep, dat Hy dit die moeite werd ag om ons name te ken en ons te roep, dit sê aan ons dat ons elkeen vir Hom baie spesiaal is. Hy het ons so lief dat Hy ons nie net by die naam roep nie, maar Hy gee ook aan ons sy Naam sodat ons Hom kan aanroep. Sal ons dan nie gaan stilstaan en luister, hoor hoe Hy in Jesus Christus na ons roep nie? Sal ons dan nie op sy genadevolle roepe antwoord nie en erken : Genade is om deur God geroep te word!

Gebed: Here, ek het u roepstem gehoor en wil my lewe aan U wy. Amen.

5

Genade is rykdom in armoede

> Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word.
> 2 Korinthiërs 8:9

Het u nie ook al so stilweg in die hart gewens dat u skielik 'n groot klomp geld kan erf of wen nie? Nee, nie uit gierigheid nie, maar net om weer 'n slaggie los te kom. Net om nie weer 'n keer te moet sukkel om alles betaal te kry nie. Net om te kan koop wat nodig is en dalk nog iets ekstra ook.

Ja, in baie gesinne druk die laste swaar en neig die mens om moedeloos te word, om uit te roep : "Ek is so moeg gesukkel"Wanneer ek so voel, dink ek onwillekeurig aan 'n ware verhaaltjie wat ek gehoor het. 'n Sekere seuntjie in 'n kinderhuis was by 'n sportgeleentheid op die paviljoen. Hy en sy maatjies was mooi netjies aangetrek en die paviljoen het ook vol ander mense gesit. Toe sien hulle 'n vrou oor die baan aangestap kom, reg voor die paviljoen. Sy was baie duidelik verwaarloos en haar klere was vuil en onnet. Die seuntjie het skielik opgespring en voor almal na die vrou gehardloop en haar omhels. Toe sy maatjies hom later vra of hy nie skaam is om so 'n verwaarloosde vrou voor almal te omhels nie, het hy aan sy hempie gevat en gesê : "Sien julle hierdie hemp? Dit is nie regtig myne nie." Ook aan sy mooi broekie het hy gevat en gesê : "Sien julle hierdie broek? Dit is ook nie regtig myne nie. Dit is die kinderhuis s'n, maar daardie vrou, sy is my regte egte ma."

O, hoe het hy tog nie 'n ander rykdom ontdek nie! 'n Rykdom wat alle armoede te bowe gaan, 'n regte egte ma!

Hoeveel groter is ons rykdom nie? Kyk na Jesus: Die aardse armoede wat regtig ons deel was, die het Hy kom dra. Ja, Hy het arm kom word. Hy wat ryk was, wat in alle heerlikheid by die Vader was, Hy het mens geword, deel geword van ons sukkelbestaan op aarde en dit net ter wille van ons. Dit was nie nodig dat Jesus in ons armoede kom deel het nie, maar tog lees ons in Matthéüs 8:20 dat Jesus sê : Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie.

O ja, Jesus weet ook van ons sukkel en swaarkry. Hy weet, want Hy het dit ook self ervaar. Nie alleen het Hy die liggaam van 'n armoedige mens aanvaar nie, maar Hy het ook aardse armoede en teëspoed ervaar, ja, tot op daardie punt dat die mense alles gevat het wat Hy gehad het. Selfs ook sy klere het hulle onder mekaar verdeel en toe daar niks oor was nie, het hulle sy lewe ook beëindig. Daar aan die kruis het Hy die grootste armoede van alles ervaar, naamlik om van God verlate te wees!

Nou eers kan ons waarlik ontdek wat rykdom is. Al sou ons hier op aarde gemaklik leef, selfs weelderig leef, sonder Christus sou ons waarlik nog arm gewees het. Maar deur sy genade kan ons weer ryk word, kan ons 'n rykdom verkry wat nooit weer weggevat kan word nie.

As jy moeg gesukkel is, moeg van bekommernis is, kyk na Jesus. Nie alleen verstaan Hy jou armoede, jou gesukkel nie, maar Hy wil deur sy genade vir jou 'n groter, ewige rykdom skenk - die ewige lewe.

Gebed: Here, dankie dat U die rykdom van u genade aan my geskenk het. Amen.

6
Genade is verniet

> ...en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.
> Romeine. 3:24

Jy het seker ook al 'n brief ontvang met jou naam netjies daarop gedruk in groot vet letters wat sê : Veels geluk, jy het ons groot prys gewen, somaar duisende rande. Doen jy nou egter moeite en sit jou leesbril op om die fynskrif te lees, dan kom jy gou agter : nee, jy het nog niks gewen nie en een van die voorwaardes om te wen is dat jy eers geld moet spandeer om in aanmerking te kan kom vir die groot prys wat jy kamstig gewen het.

Ja nee, mens kry deesdae regtig niks vir niks. Dit lyk veel eerder asof jy buitensporige bedrae moet uitgee op eenvoudige lewensnoodsaaklike dinge. Ons kry veel eerder 'n klein bietjie vir baie geld. Alles word duurder en al meer dinge raak buite ons bereik. Dit is daarom dat mense slim reklamestrikke vir ons stel sodat ons geld moet spandeer om kamma iets verniet te kan kry - wat dan mos nie meer verniet is nie.

Die waarheid is dat ons vir elke ding in die lewe moet betaal. As jy nie jou skuld betaal nie, dan kom jy al te gou in die moeilikheid en kan jy selfs in die hof beland. Van ons kant af dring ons ook altyd daarop aan om waarde vir ons geld te kry. As iets nie werk nie, dan gee ons dit terug. Dit is 'n harde lewenswerklikheid. Jy kry niks verniet nie.

Hierdie beginsel, wat vir ons goed en reg lyk, verhef ons baie keer tot ons trots. Ons is te trots om aalmoese te ontvang. Ons sê : Ek het van kleins af geleer om te werk vir wat ek wil hê. Ek wil niemand iets skuld nie. Ons wil onsself tog nie in die skuld dompel nie.
En tog het hierdie beginsel vir baie mense 'n struikelblok geword in hulle geloofslewe. Die ryk jongman kom na Jesus en vra : Wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe? Hy vra eintlik na die prys. Hoeveel sal dit my kos? Hoeveel werksure moet ek insit? Hoeveel geld moet ek spandeer? Wat kos my verlossing? Dit is wat hy eintlik vra.

Is dit nie so dat ook ons dikwels ons verlossing probeer koop nie? So baie van die dinge wat ons in ons godsdienstige lewens doen is daarop gerig om God en mense tevrede te probeer stel - en daarmee mis ons die wese van genade! Ek kan dit nou met sekerheid aan u stel. Genade is nie te koop nie.

Maar kom ons kyk eers na die prys van verlossing. Romeine 6:23 sê: *Want die loon van die sonde is die dood*. En hier word met die dood nie bedoel die sterwe van die liggaam nie, hier word bedoel die dood wat die ewige straf vir sonde is. Hierdie prys kan nie een van ons betaal nie, want ons eie skuld is te groot. Maar dit is die genade : Jesus het ons skuld ten volle betaal. Ja aan die kruis het Hy ons skuld uitgewis en ons vrygespreek! Ons kan nou die verlossing deelagtig word - en dit net deur genade.

Van genade moet ons dus nou weet dat dit verniet is, ons kan dit nie koop nie, ons kan dit nie verdien nie, ons kan dit net ontvang. Ons hoef ook nie wantrouig na hierdie gratis aanbod te kyk nie. Daar is nie fynskrif onderaan die bladsy nie. Daar is geen verskuilde kostes nie, ons kan dit net gelowig uit die hand van die Here ontvang.

Dit is die wonder van die Here se genade : Dit kos niks, dit is verniet.

Gebed: O Here, niks, ja niks het ek verdien nie, maar U het my nogtans so baie geskenk. Amen.

7
Genade is blywende troos

En mag ons Here Jesus Christus self en onse God en Vader, wat ons liefgehad het en 'n ewige troos en goeie hoop in genade gegee het, julle harte vertroos en julle versterk in alle goeie woorde en werke!
1 Thessalonicense 2: 16 en 17

Troos veronderstel altyd dat daar iemand is wat hartseer beleef, dat daar iemand is wat 'n behoefte aan vertroosting het. Troos is nodig vir daardie mense wat hulleself in ongelukkige omstandighede bevind - omstandighede van eensaamheid, verdriet, pyn, siekte, of enige ander saak wat 'n mens magteloos en terneergedruk laat voel.

Daar kom 'n tyd in elke mens se lewe dat daar dinge gebeur wat ons terneergedruk maak, dinge wat hartseer en verdriet in ons lewens bring. So baie dinge kan gebeur wat die vreugde van die lewe in 'n oorweldigende seer kan verander - 'n seer wat ons dag en nag kan teister en met troosteloosheid kan vul.

Die troosteloosheid is oorspronklik deur die sonde die wêreld ingedra en het aan so baie mooi dinge ook die potensiaal van hartseer gegee. Iets wat vandag vir ons mooi en dierbaar is en aan ons baie vreugde verskaf, kan net more 'n bron van hartseer en verdriet word. Dit kan so maklik gebeur dat ons 'n dierbare verloor, 'n lewensmaat, 'n kind, 'n ouer of dat een of ander terugslag ons lewens tref en 'n gevoel van magtelose wanhopigheid ons oorweldig.

Ja, dit is waar dat daar in sulke tye van hartseer en verdriet baie trooswoorde tot ons kom. Ons is dankbaar vir familie, vriende, medegelowiges en dikwels selfs onbekendes wat ons kom troos en bemoedig. Dit dra en versterk ons in moeilike tye, maar tog, wanneer ons weer alleen is, dan keer daardie leë gevoel weer terug, want die trooswoorde van mense is nie blywend nie. Alle hulp, alle bemoediging is maar halwe troos, omdat ons as mense elkeen ook maar vasgevang is in menslike kwelling. Ons kan aan niemand blywende troos skenk nie, want ons het self ook troos nodig.

Maar nou sê die Bybel aan ons dat daar wel blywende troos is, 'n troos wat vir ewig vertroos. Blywende of ewige troos beteken nie dat daar nooit weer verdriet en hartseer in ons lewens sal wees nie. Alle probleme sal nie nou net in die niet verdwyn nie. Terwyl ons nog op hierdie aarde leef, sal die sonde nog hartseer en verdriet in ons lewens bring. Daar sal nog dae kom dat die seer in ons gemoed steek en trane in ons oë bring, maar blywende troos sal ons ook die stem laat hoor wat sê : Kom na my toe almal wat vermoeid en belas is. (Matthéüs 11 :25).

Ja, die stem van die Here sal ook in ons troostelose lewens ware vertroosting bring wanneer Hy ons toeroep : Troos, troos my volk, sê julle God (Jesaja 40:1) Hierdie troos sal 'n blywende waarde hê. Dit sal vir ewig by ons bly. As die son sak en ons daar in die alleenheid van ons kamers verkeer, sal Sy troos ons nog vertroos. In die donkerste oomblikke van ons lewens sal Sy lig en liefde nog die pad van genade aandui.

Ons sal deur trane heen kan glimlag en bly wees omdat ons weet dat die smart en pyn van korte duur is. Deur sy genade het die Vader aan ons 'n blywende, ewige troos gestuur en die Heilige Gees, ons Trooster, bevestig dit in ons harte - in hartseer en verdriet sal ons nooit weer alleen wees nie.

Gebed: Here, baie dankie dat ek met al my sorge en hartseer na U kan kom en kan troos vind. Amen

8

Genade is vrede

Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus.
Filippense. 1:2

Daar word daagliks regoor die wêreld miljoene rande bestee aan pogings om vrede te skep. Sodra dit lyk of een situasie onder beheer is, bars daar weer geweld op 'n ander plek uit. Is dit nie ironies dat daar sogenaamde vredesmagte bestaan nie? Magte wat met wapengeweld vrede moet handhaaf! Ja, feitlik elke bloedige oorlog word in die naam van vrede gevoer.

Ware vrede ontwyk die mens telkens en hoe meer die mens na vrede soek, hoe verder weg lyk die vrede. Dit is ook so dat Christene regoor die wêreld gebedskettings loods om te bid vir vrede, maar dit lyk asof die Here liewers die vrede wegvat as om dit te skenk. Dit laat 'n mens moedeloos voel - wat kan ons nog doen ter wille van vrede?

Kyk net hoe lyk die wêreld: dit is vol haat, vol oorlog, moord, verkragtings en diefstal. Selfs in ons eie omgewing word mense verkrag en vermoor. Baie keer is dit saggeaarde en onskuldige mense wat slagoffers van wrede moorde word. Waar, wanneer gaan dit alles ophou? Wanneer sal die Bybelse woorde waar word wat sê : Vrede op aarde?

Ons vra vrae soos : Wanneer sal ek snags rustig kan gaan slaap sonder die bekommernis of al die veiligheidshekke gesluit is? Wanneer sal ek of my kind weer rustig in die natuur kan gaan stap sonder die vrees dat ons aangerand sal word? So kan die lys net langer en langer word, totdat ons vra : Die vrede waarvan die Bybel praat, is dit waar? Kan so iets weer gebeur?

Kom ons vra nou eers : Wat is vrede? Hoe lyk vrede? Vrede beteken natuurlik vir verskillende mense verskillende dinge. Hoe meer onvrede heers, hoe meer verander ons die definisie van vrede. Vir baie mense beteken vrede niks anders as rykdom en voorspoed nie en dat alles volgens sy planne verloop. Kom daar 'n bietjie teenstand, dan is daar nie vrede nie.

Ons sonder ons af in ons huise, in ons kerke en op soveel ander terreine en ons sê: Die mense moet ons in vrede los, moet nie inmeng met ons planne en lewens nie. Dan dink ons dat ons vrede ervaar. Nee, vrede is nie waar alles volgens my planne verloop nie. Vrede is nie net waar ek tevrede is nie. Vrede is waar dinge volgens God se planne verloop, waar God se wil geskied.

Die Here het, toe Hy die aarde gemaak het en die mens geskape het, volkome vrede op aarde gegee. Sake het volgens God se planne verloop en sy wil het geskied, totdat die mens die vrede verbreek het en God se orde versteur het. Van toe af leef mense in onvrede met mekaar en met God - daarom kan geen mens vrede bewerk nie, net God kan dit skenk.

Lees maar die Bybel noukeurig en u sal sien hoedat genade en vrede aanmekaar verbind word. Daar kan geen vrede sonder genade wees nie. Ons kan nie vrede bewerk nie, ons kan nie vrede verdien nie, net God kan dit in sy genade skenk. Genade en vrede word ook altyd aan Jesus verbind. Die engele het met Sy geboorte gesing : Vrede op aarde! In Jesus het dit weer moontlik geword dat daar vrede op aarde kom. In Hom kan die verhouding tussen God en mens weer normaal word, weer vol vrede word.

Daar kan net vrede wees waar Jesus heers. 'n Ongelowige kan nie in ware vrede leef nie. In Jesus kan ons weer in die verwagting leef dat alles weer eendag volgens God se orde sal verloop. Hierdie vrede kry ons net deur genade, net in Jesus Christus.

Gebed: Here, dankie vir die vrede wat U in my lewe geskenk het. Amen.

9
Genade is oorvloedig in alle omstandighede

> En uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade.
> Johannes 1:16

Ek hoor dikwels dat mense sê : "Julle predikante verstaan nie regtig die probleme van ons gewone mense nie. Die lewe is hard en 'n mens moet veg en beur om bo uit te kom." Daarmee probeer hulle se : Ons omstandighede is anders, ons probleme vra ander soort optrede as wat julle vir ons voorhou. Hier in die besigheidswêreld geld ander reëls. Hier geld harde reëls. Net die sterkste bly voortbestaan.

Ondervind jy ook in jou lewe dat dit voel asof die Bybel nie jou besondere omstandighede in ag geneem het nie, asof daar in jou lewe ander reëls geld, harde reëls geld? Lewe predikante en ander mense regtig in twee verskillende wêrelde met verskillende reëls? Die vinnige veranderinge in die wêreld maak 'n mens soms radeloos. Wat vandag in is, kan more uit wees, wat vandag reg klink, kan more verkeerd wees. Hoe oorleef 'n mens in so 'n wêreld?

Soms voel dit asof jy van een probleem na die ander strompel. Jy het skaars die een vraagstuk opgelos, dan is die volgende een daar om jou opnuut te kwel. Nog nooit was daar so baie vrae met so min antwoorde nie en ons begin vra : Het die reëls van die lewe dan met die verloop van jare verander? Kan ek nog die ou Bybelse beginsels in die moderne tye toepas, of moet ek dit ook verbuig en verdraai om te pas by die nuwe tye?

Dit is waar dat 'n mens se behoeftes gedurig verander. Dit is waar dat nuwe probleme nuwe oplossings vra, maar wees verseker, God se genade is nog net so oorvloedig soos altyd. God se genade geld nog vir alle lewensomstandighede, hoe vinnig die wêreld ook al verander.

Kyk net mooi na wat Johannes hier aan ons sê : Julle ontvang genade op genade. Hy wil dit beklemtoon dat God se genade oorvloedig is, dat sy genade onbeperk is en nie uitgeput kan word nie. Meer nog, God se genade is so groot dat dit oor ons hele lewe strek. Dit geld vir elke situasie waarin ons onsself mag bevind. God se genade verouder nie, dit word nie outyds nie.

Kyk maar terug op jou eie lewe, hoe jou behoeftes gereeld verander het. As 'n mens jonk is, ontvang jy genade om 'n gesin te bou. In siekte en dood vind jy genade om staande te bly. So kan 'n mens 'n hele lys opstel van hoe God se genade jou deur verskillende situasies gedra het. So sal ons dit nou nog vind dat daar nie werklik tye of situasies is waarvoor daar nie genade is nie.

Jou omstandighede kan nooit so verander dat daar nie ook vir jou oorvloedige genade is nie. Dit gebeur wel dikwels met 'n mens dat die nuwe omstandighede jou totaal oorweldig, dat jy verward en onseker voel oor hoe om op te tree. Dit gebeur soms dat jy nie verstaan wat met jou gebeur en waarom dit gebeur nie. Dan is 'n mens soms geneig om te voel dat God se genade jou verlaat het, dat hierdie nuwe omstandighede genadeloos is. Dit is egter nie waar nie. God het nie verander nie. Hy wil jou nog steeds genade op genade skenk.

Wanneer ons gelowig na God kyk, sal ons vind dat daar niks in ons lewens kan gebeur waar God se genade ons nie kan bereik nie. Ons kan dan waarlik getuig en sê: God se genade is oorvloedig in alle omstandighede.

Gebed: Here, ook in my lewe is u genade oorvloedig. Maak my steeds meer en meer dankbaar daarvoor. Amen.

Genade is om te kan glo.

Want uit genade is julle gered, deur die geloof , en dit nie uit julleself nie; dit is ’n gawe van God.
Efésiërs 2:8

Soms is dit vir mense baie moeilik om te glo, omdat die woord geloof in die daaglikse lewe dikwels anders verstaan word as in die geestelike lewe. Ons sê maklik: *Ag ek glo nie dit of dat sal gebeur nie*, en dan bedoel ons eintlik dat ons onseker is of iets sal gebeur of nie sal gebeur nie. In hierdie geval druk die woord “glo” onsekerheid uit. Dit is juis nie waarna ons soek nie. Ons soek sekerheid, ons soek ’n vastigheid in die lewe.
Daar is werklik min dinge in ons daaglikse lewe waar ons geloof goed genoeg is. Indien iemand na ’n bank sou gaan om geld te leen om byvoorbeeld ’n besigheid te begin, dan sal die bankbestuurder sekerlik ’n waarborg vra. Hy sal sekuriteit by die lener soek, iets tasbaars wat hom veilig sal laat voel om die geld uit te leen. Deur bloot te sê: *Ek glo dat die besigheid suksesvol sal wees en ek glo dat ek die geld sal kan terugbetaal,* sal gewoonweg nie aanvaarbaar wees nie. Geloof sal in hierdie geval nie goed genoeg wees nie.
Daar is baie lewensterreine waar blote geloof nie goed genoeg is nie. Iemand wat goedsmoeds deur ’n misdaadgesteisterde gebied stap met die geloof dat hy nie aangeval sal word nie, kan van onverskilligheid beskuldig word. Geen mens sal sommer sy besittings aan ’n vreemde toevertrou met die blote geloof dat hy dit veilig sal bewaar nie. Nee, in die daaglikse lewe wil ons darem ’n mate van sekuriteit hê. Ons soek na waarborge voordat ons transaksies sluit.
Dan gebruik ons dikwels ook die woord *glo* wanneer ons onsekerheid wil uitdruk. Ons sal byvoorbeeld op ’n bewolkte dag sê: Kom ons gaan stap of kom ons gaan see toe want ek glo nie dat dit sal reën nie. Dan bedoel ons eintlik: Ek is nie seker nie, maar ek hoop nie dat dit sal reën nie.
Dit is maar deel van die menslike natuur om skepties te wees, om te sê: Sien is glo! Ons soek dikwels na konkrete, na tasbare dinge om ons geloof te bevestig. Daar is nie net baie soorte geloof nie, daar is ook baie gelowe, baie mense wat sê: Al die ander is verkeerd, dit is net ons wat reg is. Dit is dan ook nie verbasend dat geloof vir baie mense so moeilik is dat hulle voel dat dit makliker is om glad nie te glo nie.
As ons iets van geloof wil verstaan, dan moet ons vooraf besef dat saligmakende geloof ’n gawe van God is. Paulus stel dit baie duidelik aan die Efesiërs dat die redding en die geloof waarmee dit omhels word ’n gawe van God is. Ons as mense is in ons wese te ongelowig, te ontrou om uit ons eie te kan glo. Ons het hulp nodig en hier kom die Here self ons tot hulp en leer ons om te kan glo. Geloofsekerheid so ’n vaste anker in ons lewens, omdat dit deur die Here self gewaarborg word. Geloofsekerheid vir ons ’n vaste anker in ’n veilige hawe wanneer die woeste see van die lewe aan ons ruk en pluk, omdat ons geloof in Jesus geanker is.
In hierdie wêreld vol ongeloof en wantroue soek almal na bietjie sekerheid, na vastigheid in die lewe. Om deur die geloof aan Jesus verbind te wees is die grootste sekerheid wat in ’n mens se lewe kan wees. Geloofsekerheid is om saam met Job te kan sê: ... maar ek, ek weet my verlosser leef!
Elke mens kan en moet geloofsekerheid hê. Sonder dit is ’n mens se lewe vol onsekerheid en wantroue, sonder dit heers die angstigheid en vrese in ’n mens se lewe. En hier is die blye boodskap: Om te kan glo is nie afhanklik van my eie prestasies of goedheid nie. Dit is ’n genadegawe van God. Vry en verniet!
Geloofsekerheid is ’n blywende belewenis van Jesus as my Here en Verlosser. Geloof is om my hele lewe aan die Here toe te vertrou en om te weet dat niks my uit sy hand kan ruk nie. Sukkel jy nog om te kan glo? Moet nie uitstel nie, kyk net na die Here. Hy skenk dit in genade aan jou.

Gebed: Here ek glo, maar ek bid ook dat U my ongeloof tot hulp sal kom. Amen.

11

Genade is om krag te ontvang wanneer jy swak is.

> En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg,
> want my krag word in swakheid volbring.
> 2 Korinthiërs 12: 9

Om swak te wees is nie lekker nie. Om swak te wees is ’n verleentheid. Mense hou nie van swak mense nie. Swak mense is vir ons ’n las. Almal sal veel eerder verkies om sterk te wees. In ons woordeskat beteken swak sleg en sterk goed. Ons wil graag in alle opsigte sterk wees. Ons wil graag finansieel sterk wees sodat ons in alles onafhanklik kan wees. Ons wil kan koop wat ons nodig het en soms ook wat ons nie so nodig het nie.

Ons wil graag liggaamlik sterk wees. Dit is lekker om oë te hê wat nog goed kan sien, hande te kan hê waarmee ons enige werk kan doen en lekker sterk bene sodat ons kan loop net waar ons wil. Niemand sal verkies om in ’n rolstoel te sit en deur ander versorg te word nie. Nee, dit is baie lekkerder om alles self te kan doen.

Ons wil graag geestelik en verstandelik sterk wees. Dit sal ons weerbaar maak in ’n wêreld waarin net die sterkste en die slimstes oorleef. Elkeen van ons wil tog graag ons eie besluite neem, ons eie heil uitwerk. Ja ons wil tog so graag beheer hê oor ons eie geheue sodat ons kan onthou waar en wie alles en almal is.

Dit lyk net beter om sterk te wees, soveel gemakliker en soveel voorspoediger. En tog ken ons almal mense wat in alle opsigte sterk was, liggaamlik, finansieel en verstandelik, maar as een deel weggevat word deur byvoorbeeld siekte of finansiële teenspoed, dan stort die hele mens in duie, dan bly daar net ’n bejammerenswaardige skepsel oor. Dit is geen wonder dat Jesaja sê : Alle vlees is gras en al sy aanvalligheid soos ’n blom van die veld. Die gras verdor en die blom verwelk as die asem van die Here daarin blaas.

Mense wat op hulle eie krag staatmaak, kan nooit staande bly as die stormwinde teen hulle aanwaai nie. Hulle verdor gou en hulle lewens verwelk vinnig. As jy voel dat dit jou lewe is waarvan Jesaja praat, as jy voel dat jou lewe soos dor gras en ’n verwelkte blom is, moenie moed verloor nie. Genade is juis om in hierdie oomblikke waarin jy swak is, krag te ontvang.

Ons moet dit moet goed besef: Daar is niemand wat werklik sterk is nie. Die sonde het alle mense aangetas en verswak. Ja, ons liggame is verswak, ons oë sukkel om te sien, ons wilskrag teen die sonde is verswak. Soms voel ons dat ons te swak is om terug te veg teen die aanslae wat die wêreld op ons maak en dit voel of ons wil uitroep: “Ek kan nie meer nie! Ek wil nie meer stry nie!”

Dan kan ons dit weet: Nou is daar krag naby. Wanneer ons ons eie swakheid erken, wanneer ons weet dat ons as mense deur die sonde verswak is, eers dan is krag naby. Is jy swak? Oorweldig die lewe met sy talle probleme jou ook? Kyk, God is daar, Hy wil aan jou krag skenk, nuwe lewensmoed skenk om weer die lewe aan te pak. Hy wil meer as dit doen. God wil aan jou daar in jou swakheid die genade gee om kragtig vir Hom te lewe. Ja jou lewe, swak soos jy is, is vir God bruikbaar. God wil sy krag in jou swakheid volbring. Ons kan ook dan saam met Paulus in 2 Korinthiërs 12:10 sê: Daarom het ek behae in swakhede, in mishandelinge, in node, in vervolginge, in benoudhede om Christus wil. Want as ek swak is, dan is ek sterk.
Gebed: Maak my sterk in U, o Here. Amen.

12

Genade is om deur die Woord opgebou te word.

> En nou, broeders, dra ek julle op aan God en aan die woord van sy genade,wat magtig is om julle op te bou en julle 'n erfdeel te gee onder al die heiliges.
> Handelinge 20:32

Soms ry 'n mens deur 'n mooi woonbuurt met pragtige tuine en huise en terwyl jy nog al die mooiheid geniet, kom jy skielik op 'n verwaarlose erf af met net 'n murasie daarop. Die eienaar se geld het opgeraak en hy kon nie die huis voltooi nie en die halfvoltooide gebou het spoedig verval tot 'n onooglike murasie wat die hele buurt ontsier.

Voel en lyk jou lewe soms nie ook vir jou soos 'n onvoltooide gebou wat tot 'n murasie verval het nie? Voel dit nie soms vir jou of alles in jou lewe net halfklaar is nie en dat jy nooit kan bereik wat jy graag wil nie? Daar is so baie dinge wat kan inbreuk maak op die bouwerk van ons lewens, daar is so baie dinge wat ons planne kortwiek dat dit ons moeg en moedeloos maak. Is jou lewe ook vol halfklaar murasie wat net alles ontsier? Dit het dalk tyd geword om 'n ander Bouheer in te roep om die gebou van jou lewe te voltooi.

Die Bybel leer ons dat die ons halfklaar geboue is wat nog op voltooiing wag. Ja, die Bybel vergelyk ons met 'n gebou wat nog klaar gebou moet word en help ons om die gebou van ons lewens tot 'n sierlike gebou op te rig. Selfs nadat ons deur die genade van die Here gered is, is die gebou van ons lewens nog nie voltooi nie – daar is nog baie werk wat gedoen moet word.

Terwyl ons nog in hierdie lewe is, sal ons nooit kan sê: "Ek is klaar gebou" nie. Ons sal nooit kan sê: "Die gebou van my lewe is goed en reg en klaar gebou" nie. Ons eie liggame en lewens getuig teen ons. Ons almal ken siekte en swakheid. Baie van ons dra brille om beter te kan sien. Ons spandeer duisende rande aan medisyne om ons liggame op te bou om ons lewensgehalte te verbeter. Baie van ons spandeer 'n goeie klompie geld net om mooier te kan lyk. Nee-wat, die bouwerk aan ons liggame lyk dikwels maar treurig.

Ook in ons omgang met mense, die manier wat ons dinge doen en sê, wys duidelik dat ons nog nie naastenby klaar en volmaak gebou is nie. Ons doen en sê nog te maklik dinge wat ander mense kan benadeel en seermaak. Ook in ons geloofslewe is daar dikwels onooglike murasies van kleingeloof, ongehoorsaamheid en gewone luiheid. Ja, ons ontsier dikwels die woonbuurt van die Here se genade.

Maar daar is darem troos. Daar is hoop vir ons. Die Here weet dat ons onvoltooide geboue is, dat daar nog bouwerk aan ons gedoen moet word. Hy wil ons hiermee help, maar dan moet ons eers seker maak watter soort gebou ons besig is om te bou. 'n Mens kan mos maklik aan selfs 'n onvoltooide gebou sien of dit 'n woonhuis of 'n skuur is. Ons lewens vertoon nou mos alreeds watter tipe gebou daar gebou word. Dit is nie verstandig om voort te gaan met 'n skuur as ons eintlik 'n woonhuis wil bou nie. As die fondasie nie geskik is vir die gebou nie, moet dit eers afgebreek word en die fondasie reg gebou word.

In sy genade het die Here aan ons die regte fondasie en die beste bouplanne gegee. Jesus Christus is die enigste fondasie en in sy Woord vind ons al die regte bouplanne. In die Woord sal ons nie net die regte bouplanne kry nie maar ook die regte boustene en hulp om die gebou tot eer van die Here op te rig. Hoe meer ons volgens die Woord van die Here bou, hoe meer sal die gebou van ons lewens die woonbuurt van God se genade versier, want dan sal ons 'n gebou bou waarin die Here wil woon. En hierdie gebou sal dan 'n tempel van God wees.

Ons eie pogings, ons eie planne en bouwerk sal baie gou verval tot 'n onooglike murasie, maar deur die genade van die Here kan ons sierlike geboue word. Ons sal wees soos die gebou waarvan daar in Efesiërs 2: 20-22 gepraat word: ... gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.

Gebed: Here, ek wil my gebrekkige lewe aan U toevertrou. Amen.

13

Genade is goeie hoop.

> En mag ons Here Jesus Christus self en onse God en Vader wat ons liefgehad het en ’n ewige troos en goeie hoop in genade gegee het julle harte vertroos en julle versterk in alle goeie woorde en werke.
> 2 Thessalonicense 2: 16-17

Hoop en wanhoop lê naby aan mekaar, so naby dat dit maklik kan gebeur dat hoop in wanhoop eindig. Baie keer hoop mense dat iets sal gebeur en wanneer dit nie gebeur nie, verval hulle in wanhoop. Mense koop partykeer loterykaartjies en hoop dat hulle baie geld sal wen. Hulle hoop is gevestig op daardie kaartjie wat in die laai lê en niks doen nie. Eers op die dag van die trekking sal hulle weet of hulle iets gewen het of nie.

Sulke hoop is gebaseer op onsekerheid – miskien sal iets gebeur, miskien ook nie. Dit is hoop wat geheel en al afhanklik is van die noodlot, van die toeval. Die eienaar van die loterykaartjie kan niks anders doen as om te wag en kyk of sy nommer nie toevallig getrek word nie. Om so ’n hoop te koester is om ’n kans te waag. Dit is ’n sprong in die duisternis,’n sprong in die onsekerheid in. Iemand wat sy hoop op so ’n onsekerheid bou, verval maklik in wanhoop. So ’n lewe sal altyd in die skaduwee van onsekerheid leef, sal altyd tussen hoop en wanhoop rondtas en nooit ware lewensvreugde ervaar nie.

Die goeie hoop wat God ons deur sy genade skenk, is nie gebaseer op die toeval of noodlot nie. Dit is nie ’n sprong in die donkerte nie. Dit is iets wat vas en seker is. Die goeie hoop is iets wat ons daagliks versterk en bemoedig, omdat ons weet dat ons Hemelse Vader oor ons waak.

Lewende hoop is nie die passiewe hoop van iemand wat ’n loterykaartjie koop en wegbêre en dan duim vashou dat hy sal wen nie. Die goeie hoop kan vergelyk word met ’n boer wat ’n land ploeg en mielies saai. Hy leef in die verwagting dat hy ’n oes daar sal afhaal. Hy hoop nie maar net blindweg dat daar mielies sal groei nie, hy weet dit. Daarom versorg en bewerk hy sy lande – in die verwagting van ’n oes.

Hoop moet altyd aktief besig wees, dit moet in afwagting na God kyk en die goeie uit sy hand verwag. Dit is om te weet dat daar iets gaan gebeur. Die goeie hoop weet dat iets goeds, iets moois sal gebeur. Die goeie hoop is gevul met ’n inhoud, ’n inhoud wat vas en seker is. Efesiërs 4:4 sê dat daar net een hoop is waartoe ons geroep is, en die inhoud van hierdie hoop is dit: Christus onder julle, die Hoop van die heerlikheid. Ook in 1 Timotheus 1:1 word Christus ons Hoop genoem.

Hierdie is nie ’n hoop wat êrens weggebêre is nie Dit is ’n lewende hoop, ’n lewe vol verwagting, vol afwagting dat Christus elke dag meer en meer in ons lewens sal word. Dit is ’n uitsien na die wederkoms van die lewende Heiland, maar dit is ook ’n troos en versterking vir elke dag se lewe.

Moet tog nie ’n sprong in die donkerte waag nie. Hoop op God. In Hom sal ons weer lewe.

Gebed; Dankie, Here, dat ek weet dat my hoop en vertroue op u genade nie verniet is nie. Amen.

14

Genade is om te kan hoop op die wederkoms van Jesus

> Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus.
> 1 Petrus 1:13

Ons praat dikwels nostalgies van die goeie ou dae, die dae toe alles nog soveel mooier was as wat dit vandag is. Wanneer mense so gesels oor die goeie ou dae, dan kry 'n mens die indruk dat alles In daardie tye beter was, feitlik probleemloos was en as daar probleme was, dan kon 'n mens dit makliker oplos. Ja, die goeie ou dae was altyd beter.

Kyk ons egter eerlik na die sogenaamde goeie ou dae, dan moet ons erken dat ons ook maar bale gesukkel en swaargekry het. Daar is min dinge uit daardie dae wat ons werklik wil terughê. Wie het dan nou lus om weer sonder al die moderne geriewe van vandag klaar te kom? Wie wil nou nog sukkel met handsentrales terwyl ons met selfone In die sak enige tyd kontak kan maak met wie ook al ons wil? Wie sal weer sonder die gerief van elektrisiteit wil klaarkom of weer op 'n koolstoof met al sy rook en roet wil kook in plaas van op ons mooi moderne stowe?

Nee, die goeie ou dae was nie altyd so goed en so lekker as wat ons nou voorgee nie. Die goeie ou dae was ook maar vol probleme. Nou, waarna is dit dan wat ons verlang as ons so terugdink aan die goeie ou dae? In daardie dae het ons een ding gehad wat vir ons kosbaar en mooi was: die drome, die hoop en verwagting op 'n beter toekoms. Ons het, soos ook die jongmense van vandag, gedroom van 'n mooi lewe en groot dinge wat vir ons wag. Dit is die groot geheim van die sogenaamde goeie ou dae: die droom en verwagting van 'n beter lewe.

Gewoonlik stel ons dan ook die goeie ou dae van die verlede teenoor die huidige lewe en die toekoms wat voorlê - en dit vul ons met onsekerheid en selfs vrees. Dit lyk soms asof daar nie meer 'n toekoms oorgebly het nie, asof dit saam met die goeie ou dae weggeraak het en asof die toekoms 'n droom is wat nooit waar sal word nie.

Dit is waar dat daar in die lewe vandag baie onsekerheid is. Daar is so baie misdaad, so baie geweld, so baie werkloosheid, dat ons bang is om aan die toekoms te dink, dat ons leef asof daar nie 'n toekoms is nie. Daarom leef baie mense nog in die verlede van die goeie ou dae.

Dit is juis teen hierdie verlange agtertoe wat Petrus ons waarsku. Ja, dit kan so wees dat daar in ons verlede baie mooi en goeie dae was, dae wat gevul was met die oorvloedige genade wat ons van die Here gekry het, dae waarin daar mooi dinge met ons gebeur het en ons gelukkig was. Maar selfs hierdie dae kan nooit mooier wees as dit wat nog moet kom nie. Petrus verwys na hierdie dae as die openbaring van Jesus Christus. Daarmee bedoel hy die wederkoms van Jesus wanneer die ou dinge sal verbygaan en ons in 'n nuwe heerlike toekoms sal leef.

Dit is wat Paulus bedoel wanneer hy in 2 Korinthiërs 5:2 sê : Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word. Daarom sê Petrus ook in 1 Petrus 2: 11 dat ons vreemdelinge en bywoners op hierdie aarde is. Ons toekoms lê nie in die huidige lewe nie.

Dit is vir baie mense moeilik om te glo dat daar nog 'n mooi toekoms is, maar onthou dit: ons toekoms lê nie agter ons in die verlede nie. Nee ons moet vooruit kyk na 'n mooier en beter toekoms, 'n toekoms saam met Jesus. Om in hierdie deurmekaar wêreld nog te kan hoop op 'n toekoms, dit is genade. Deur die genade kan ons hoop op 'n toekoms, op Jesus

se wederkoms en waar die volle heerlikheid ons deel sal word.

Gebed: My hart en siel wag op U, o Here. Kom gou, ja, kom gou. Amen.

Indien jy hierdie boekie waardevol gevind het, skryf gerus aan my by:

freddieburger@hotmail.com